Ehrharta calycina

Algemene naam: rooisaadgras,
Familie: Poaceae
Habitat: Weidverspreid op sanderige- en leemagtige grond in die winter- tot herfs reënval areas van die Wes- en Noordkaap.



Kaart gebasseer op PRECIS data van http://sibis.sanbi.org/

Plant beskrywing: Stamagtige groen gras, blare 2- 4 mm wyd, broos. Bereik volwassenheid en dra saad binne een jaar.

Smaaklikheid: ★★★★★ hoog
Saad beskrywing: Sade is omvou deur plat, pienk steekhaartjies.

Bruikbare sade per kilogram 226,987
Saad massa aanbeveel per hektaar: 4-6 kg.

Wanneer en hoe om te plant: Ontkiem slegs in koel, nat weer. Saai vanaf herfs tot winter (Mei-Augustus) Maak die grond los met 'n graaf of implement. Meng saad met dieselfde hoeveelheid kaf of saagsels. Om gelyke verspreiding te bekom, meet voorgeneme saai-area waar gesaai gaan word in kwart-hektaar blokke (100 m x 25 m) af en saai 1,5 kg saad (of 3 kg saad-kaf mengsel) op elke kwart-hektaar blok. Rol of vertrap die gesaaide gebied om die saad in die grond te druk, of hark die gesaaide gebied met 'n hark of 'n doringtak. Bedek die hele gesaaide gebied met doringtakke om die saailinge teen beweiding deur vee en wild te beskerm.

Die foto hierbo wys *Ehrharta calycina* in renosterveld naby Ladismith

Skaal: 1cm

Detail van saadkoppe van http://www.plantzafrica.com/plantefg/ehrhartacaly.htm

Verwysings

http://www.plantzafrica.com/plantefg/ehrhartacaly.htm

PRECIS data on southern African plant distributions and taxonomy http://sibis.sanbi.org/faces/SearchSpecies/

Van Oudtshoorn, F., 2006. Guide to grasses of Southern Africa. Briza Publications. Pretoria.

Renu-Karoo unpublished data